# Openbaring 7

Bybelstudie 5

1

| 148: Voltooi Jesus se woord: moet julle nie bekommer oor ________________. | | | |
|---|---|---|---|
| Vandag | Toekoms | More | Verlede |

| 149: Waarom het Pilatus se vrou vir hom 'n boodskap gestuur? | | | |
|---|---|---|---|
| Sy het inkopies gaan doen | Sy het nie van Jesus gehou nie | Sy was bang vir Barabbas | Sy het 'n nagmerrie gehad |

| 150: In die gelykenis, wat het die man gedoen wie se groot skuld afgeskryf is? | | | |
|---|---|---|---|
| Sy skuldenaars se skuld afgeskryf | Sy meester gedank | Sy skuldenaars se skuld opgeëis | Weer skuld aangegaan |

| 151: Wat het Jesus die dissipels beveel om te doen met 'n onbekeerde dorp? | | | |
|---|---|---|---|
| Beveel wraak van God | Stof van skoene afskud | Bid vir hulle | Nie ophou preek nie |

| 152: Watter boek kom na Matteus? | | | |
|---|---|---|---|
| Maleagi | Markus | Lukas | Handelinge |

| 153: Wat het Jesus gebruik om te leer dat mens God en die regering moet gehoorsaam? | | | |
|---|---|---|---|
| Voël | Swaard | Muntstuk | Belasting |

| 154: Wie het gesê: 'My siel maak die Here groot! ”? | | | |
|---|---|---|---|
| Elisabet | Anna | Tabita | Maria |

2

| 148: Voltooi Jesus se woord: moet julle nie bekommer oor ________________. | | | |
|---|---|---|---|
| Vandag | Toekoms | C: Matteus 6:34 | Verlede |

| 149: Waarom het Pilatus se vrou vir hom 'n boodskap gestuur? | | | |
|---|---|---|---|
| Sy het inkopies gaan doen | Sy het nie van Jesus gehou nie | Sy was bang vir Barabbas | Sy h D: Matteus 27:19 ehad |

| 150: In die gelykenis, wat het die man gedoen wie se groot skuld afgeskryf is? | | | |
|---|---|---|---|
| Sy skuldenaars se skuld afgeskryf | Sy meester gedank | Sy skuld C: Matteus 18:28 pgeëis | Weer skuld aangegaan |

| 151: Wat het Jesus die dissipels beveel om te doen met 'n onbekeerde dorp? | | | |
|---|---|---|---|
| Beveel wraak van God | Sto B: Matteus 10:14 ud | Bid vir hulle | Nie ophou preek nie |

| 152: Watter boek kom na Matteus? | | | |
|---|---|---|---|
| Maleagi | B: Markus | Lukas | Handelinge |

| 153: Wat het Jesus gebruik om te leer dat mens God en die regering moet gehoorsaam? | | | |
|---|---|---|---|
| Voël | Swaard | C: Lukas 20:24 | Belasting |

| 154: Wie het gesê: 'My siel maak die Here groot! "? | | | |
|---|---|---|---|
| Elisabet | Anna | Tabita | D: Lukas 1:46 |

3

1. Hoekom sê Johannes dat die aarde hoeke het?

Dit was die algemene waarneming van die mens dat die aarde plat is.

4 Windrigtings – 4 sye, Moet dus in 4 hoeke bymekaar kom.

Bybel is nie 'n wetenskaplike boek nie. Organiese inspirasie beteken juis dat die boodskap organies binne die verwysingsraamwerk van die Bybelskrywer oorgedra word.

2. Wat is die seël wat die engel vashou (vers 2)?

Vers 3: "Moenie die land en die see en die bome tref nie. Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël."
Uitverkorennes moet hierdie seël hê wat sigbaar maak dat hulle God se kind is
Doop!

4

3. Vergelyk die name van die stamme met dié in die Ou Testament. Wat kan ons hieruit aflei?

| | Numeri 13 |
|---|---|
| 1. Juda | 1. Ruben |
| 2. Ruben | 2. Simeon |
| 3. Gad | 3. Juda |
| 4. Aser | 4. Issaskar |
| 5. Naftali | 5. Efraim |
| 6. Manasse | 6. Benjamin |
| 7. Simeon | 7. Sebulon |
| 8. Levi | 8. Manasse |
| 9. Issaskar | 9. Dan |
| 10.Sebulon | 10.Aser |
| 11.Josef | 11.Naftali |
| 12.Benjamin | 12.Gad |

Vir die Jode is die lys van Openbaring foutief:

1. Levi was die priesters en het nie 'n eie grondgebied gekry nie
2. Josef is verdeel in Efraim en Manasse – hier word Manasse herhaal.

Dus: Simbolies van kerk op aarde.

5

4. Verklaar die getal 144 000.

3 → getal van God
4 → getal van die aarde.
(3x4) = 12
(3x4) = 12
(10x10x10) = 1000.

God se interaksie op die aarde in sy volle omgang: God se kerk

6

## 5. Wat is die verband tussen die "groot menigte wat niemand kon tel nie" en die 144 000?

9 Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande.

Sendingopdrag: Handelinge 1: [8] maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Die troon van God is in die hemel

Wit klere is:
- Gewas in die bloed van Jesus;
- Regverdige dade van die gelowiges

Palmtakke: vrede en voorspoed. (Johannes 12:13; Jeremia 10:5; Psalm 92:12, Levitikus 23:40)

7

## 6. Wie is hierdie groot menigte?

- Mense uit die verdrukking (14)
- Maak Christus se offer hulle eie (14)
- In die teenwoordigheid van God (15)
- Nie op die aarde nie (geen liggaamlike behoeftes) (16)

## 7. Is verdrukking teken dat die mens uitverkies is? Motiveer u antwoord.

Nee!
- Dit sou impliseer dat as jy nie verdruk is nie. Dat jy nie uitverkies is nie
- Uitverkiesing is slegs God se daad. Verdrukking dikwels die werk van eie nalatigheid / Satan se aanhitsing
- Daar is ook verdrukking wat nie teen jou geloof is nie, maar om ander redes.

8

8. Wat is die verband tussen vers 16 en 17 en Openbaring 21:3, 4 en 22:2?

16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;
17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.




3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.
4 En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.

9

9. Waarom onderbreek hoofstuk 7 die oopmaak van die seëls, en waarom juis hier?

Die eindoordeel is nog nie voltooi nie, maar die uitverkorenes word moed in gepraat.
Let op dat die uitverkorenes nie gespaar word van die verdrukking en swaarkry nie, maar dat hulle die waarborg gegee word dat hulle nie verlore sal gaan nie.

10. Wat is die troos/boodskap vir ons in hierdie gedeelte?

10